

Clinical Coordinating Center
Massachusetts General Hospital
55 Fruit Street, 5LON207
Boston, MA 02114

Data Coordinating Center
Massachusetts General Hospital
165 Cambridge Street Suite 400
Boston, MA 02114

Pitavastatin om kardiovaskulêre siekte by mense met MIV te voorkom

[Gepubliseer in NEJM 2023](#)

Agtergrond

Die risiko van hartsiekte is hoër by mense met MIV (people with HIV, PWH), insluitend by jonger persone met 'n laer voorspelde risiko vir hartsiekte. Navorsers verstaan nie ten volle waarom hierdie risiko hoër is nie, maar hulle dink dit kan verband hou met tradisionele hartsiekte-risikofaktore, soos rook, sowel as met MIV-verwante faktore, soos inflammasie. Hoewel daar aangeneem word dat MIV die risiko van hartsiektes verhoog, was daar tot nou toe geen bewese behandeling om hartsiekte by PWH te voorkom nie.

Doelwitte van die studie

Die Verewekansigde Studie om Vaskulêre Gebeurtenisse by MIV te voorkom (Randomized Trial to Prevent Vascular Events in HIV, REPRIEVE)-studie is ontwerp om die verhoogde risiko van hartsiekte wat deur PWH ervaar word, aan te spreek. REPRIEVE het pitavastatin calcium ("pitavastatin") getoets, 'n statienmedikasie wat LDL- ("slegte")-cholesterol kan verlaag en inflammasie in die liggaam kan verminder. Deelnemers aan die studie was PWH tussen 40 en 75 jaar oud wat 'n lae tot matige tradisionele risiko vir hartsiekte gehad het. Alle deelnemers is ewekansig toegewys om óf pitavastatin óf plasebo ('n pil wat geen medikasie bevat nie) te neem. Deelnemers is toe gemonitor om vas te stel of hulle die primêre eindpunt (ernstige hartsiektes, soos die dood as gevolg van hartsiekte, hartaanvalle en beroertes) of enige sekondêre eindpunte (ander hartsiektes, dood weens enige oorsaak en veiligheidsgebeure) ervaar het.

➤ Die deelnemers:

- 7 769 deelnemers
 - 3 888 neem pitavastatin; 3 881 neem plasebo
 - 2 419 (31%) vroue
 - 5 065 (65%) nie-blank
- Mediaan duur van opvolg: 5,1 jaar
- Mediaan ouderdom by inskrywing: 50 jaar

➤ Die bevindings:

- Die voorkomssyfer van ernstige hartsiektes is met 35% verlaag vir deelnemers wat pitavastatin geneem het in vergelyking met plasebo.
- Die voorkomssyfer van ernstige hartsiektes of sterftes weens enige oorsaak is met 21% verlaag vir deelnemers wat pitavastatin geneem het in vergelyking met plasebo.
- Pitavastatin was effektief in beide mans en vroue.
- Pitavastatin is deur die meeste studiedeelnemers goed verdra, en baie min deelnemers het vroegtydig weens nadelige gebeurtenisse met die study gestop.

Ter opsomming: Pitavastatin was doeltreffend in die verlaging van die aantal hartsiektegebeurtenisse vir PWH met 'n lae tot matige tradisionele risiko vir hartsiekte. REPRIEVE is die eerste grootskaalse studie om 'n voorkomingstrategie vir hartsiekte in hierdie

REPRIEVE-Studie Webwerf: reprivetrial.org

Die bevindinge wat in hierdie opsomming gedeel word, is afkomstig van die REPRIEVE-populasie op 'n spesifieke tydstip. Hierdie bevindinge is beskrywend en is nie bedoel om kliniese sorg te verander nie. As jy vrae het oor wat jy gelees het, praat asseblief met lede van die REPRIEVE-studiespan by jou plaaslike plek of 'n gesondheidsorgverskaffer.



MASSACHUSETTS
GENERAL HOSPITAL

Clinical Coordinating Center
Massachusetts General Hospital
55 Fruit Street, 5LON207
Boston, MA 02114

Data Coordinating Center
Massachusetts General Hospital
165 Cambridge Street Suite 400
Boston, MA 02114

populasie te toets. Studieresultate sal inligting oplewer vir riglyne om hartsiekte te voorkom en sal klinici help om die hartgesondheidsbehoefte van PWH beter te ondersteun.

REPRIEVE-Studie Webwerf: reprivetrial.org

Die bevindinge wat in hierdie opsomming gedeel word, is afkomstig van die REPRIEVE-populasie op 'n spesifieke tydstep. Hierdie bevindinge is beskrywend en is nie bedoel om kliniese sorg te verander nie. As jy vrae het oor wat jy gelees het, praat asseblief met lede van die REPRIEVE-studiespan by jou plaaslike plek of 'n gesondheidsorgverskaffer.